



ST. WENZEL

28 SEPTEMBER

(c907-929)

Wenzel, die jong hertog van Boheme, was diep oortuig van die waarheid van die Christelike geloof en wou sy grotendeels heidense volk daarin opvoed. Hy was geliefd en onder sy leierskap ontwikkel Boheme vinnig tot 'n modelstaat. Hy word egter teengestaan deur sy eie broer, Boleslaus, 'n heiden, en iemand wat geweldig jaloers en hatig was. Wenzel se sukses as heerser en die verspreiding van die Christelike geloof lei daartoe dat hy deur sy broer en 'n groep edelmannes by die ingang van 'n kerk vermoor word. Gou word hy deur die gewone volk as heilige vereer.